Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woens. 24 Nov. 1948. Prys 3d. No. 3

# Hoe Weste Menseregte Vertrap Het

## Vryheid Van Politieke Oortuiging

**Nadat 'n komitee van die V.V.O. by die opstelling van 'n kode van menslike regte voorverlede week beslis het dat elke mens die reg het om vir enige politieke ideologie, selfs fascisme, propaganda te maak, mag dit interessant wees om te weet in hoever die Westerse Geallieerdes hierdie „menslike reg" vertrap het in hul behandeling van Duitsland. In sy boek „Gruesome Harvest" wy Ralph Keeling 'n hoofstuk aan die denazifikasie van die Duitse volk. Dit handel hoofsaaklik oor die Amerikaanse besettingsgebied, maar gee nietemin 'n skokkende insig in die omvang van kortsigtigheid van hierdie demokratiese suiwering op grond van politieke opinie — en in baie opsigte nie eens opinie nie, omdat duisende werknemers van die staat by die party aangesluit het omdat hulle dit as nuttig vir bevordering beskou het.**

**Tot hierdie ondemokratiese — en tans volgens V.V.O.-maatstaf onwettige — optrede is deur die oorwinnaars te Potsdam besluit.**

„Potsdam eis dat ,Nazi-leiers, invloedryke Nazi-ondersteuners en hoë amptenare van Nazi-organisasies en instellings in hegtenis geneem en geïnterneer moet word' **en dat alle mindere Nazi's ,verwyder moet word van openbare en half-openbare betrekkings en van posisies van verantwoordelikheid in private ondernemings'...........**

„Ongeveer 3,000,000 Duitse mans uit 'n totale bevolking van 16,682,000 is hierdeur geraak in ons besettingsgebied. Ons besettingsowerheid het 75,000 in die tronk gestop en nog 'n 80,000 krygsgevangenes gemerk vir internering omdat hulle belangrike Nazi's was; meer as 100,000 is uit die staatsdiens geskop, terwyl die sakewêreld van besturende en tegniese talent gestroop is deur die ontslag van honderdduisende ander..............

### POLITIEKE FOUT

**„Met ander woorde, ons het ons daarop toegelê om die lewens en reputasies van drie miljoen man in ons besettingsdeel alleen te ruïneer omdat, soos hulle dit sien, hulle 'n politieke fout begaan het.** Die gevolg is dat die Duitsers bang is om hulle met enige politieke party te vereenselwig uit vrees dat hulle later gestraf kan word net soos die Nazi's nou gestraf word.

„Belangriker nog is dat die gebied en sy bevolking die ekonomiese voorregte ontsê is wat hulle te beurt sou val indien hierdie manne toegelaat was om die werk te doen wat hulle alleen weens aanleg, opleiding en ondervinding in staat is om te verrig. **Deur die gebied se mees produktiewe manne in graaf- en pik-spanne te stop en hul plekke met onbekwames te vul, is een van die belangrikste oorsake vir die ekonomiese verlamming van die gebied."**

### WARBOEL

Potsdam het ook geëis dat die gebied soveel moontlik selfonderhoudend moet wees, vervolg die skrywer. **Maar onderwyl 'n deel van die besettingsadministrasie met geringe welslae op soek is na opgeleide personeel om die uitgedunde spoorwegstelsel te handhaaf, is 'n ander deel wat met die suiwering belas is, besig om masjiniste en ander treinpersoneel in die tronk te stop net omdat hulle Nazi's was.**

Die Geallieerdes het egter 'n hap afgebyt wat hulle nie kon

(vervolg op bladsy 8, kolom 1)

# Korrupsie Beweer In Britse Regering

**'n Eersterangse skandaal waarby, volgens bewering, ook Britse ministers betrokke is, word tans deur die hof in Brittanje ondersoek. Dit staan in verband met beweerde korrupsie in regeringskringe en getuies het reeds die name van verskillende vooraanstaande Britte genoem wat 'n aandeel hierin sou hê.**

Die hooffiguur in hierdie saak is 'n staatlose vreemdeling, Sidney Stanley. Hy het onlangs gespog dat hy almal van belang in Brittanje ken, vanaf Attlee tot onder uit. Daar word beweer dat hy rojale partytjies in sy woonstel gehou het waarop sakemanne aan ministers soos Belcher, onder-minister van handel, voorgestel is.

Volgens getuienis het Stanley, op grond van sy invloed by ministers en amptenare, beloof om lisensies vir invoer van artikels, soos toerusting vir mallemeules, voelbalpools, ens., te kry.

Die name van William Hall, onder-minister van finansies, en Charles Key, minister van openbare werke, is reeds deur getuies genoem.

# DUUR HUISE WURG VOLK SE AANWAS DOOD

**Baie jong getroude pare wat kort voor of na hulle huwelik 'n lening aangegaan het om 'n huis te laat bou en hulle gebind het om maandeliks 'n vasgestelde bedrag terug te betaal, is tans na die geboorte van hulle eerste kind en die ekstra uitgawes wat dit meebring verplig om hul huise te verkoop ten einde die kop bo water te hou, blykens navrae wat Die O.B. by verskillende huisagente, prokureurs en belanghebbendes gedoen het. Inderdaad is die behuisingsnood besig met 'n doodgreep op ons volk.**

**Aan Die O.B. is verklaar dat daar agter menige advertensie in die dagblaaie waarin huise te koop aangebied word 'n tragedie van huislike ontwrigting en ontbering skuil.** Tipies van hierdie gevalle is die van 'n gesin wat 'n huis laat bou het in Goodwood en vir die grootste gedeelte van die £2,850 'n lening aangegaan het. Hulle het hulle gebind om elke maand £17 terug te betaal. **Hulle het reeds £600 afbetaal, maar kan nou dat hul eerste kind die uitgawes aansienlik laat toeneem, nie meer die paaiemente gereeld betaal nie. Die huis is reeds aan 'n agent oorhandig om verkoop te word.**

Dit is nou die lot van hierdie jong egpaar om 'n kamer elders te huur — met 12,000 op die waglys is selfs 'n woonstel of huurhuis vir baie jare buite hul bereik. Dit is twyfelagtig of hulle ooit weer in staat sal wees om hul eie woning aan te skaf en hul gesin te vergroot.

### MOEDER MOES HELP

Daar is egter meer ongelukkiges as net hierdie gesin. Op Dieprivier het 'n egpaar vir hulle 'n huis van £3,000 gebou waarvoor hulle ook 'n lening aangegaan het. Hoewel dit moeilik gegaan het na hul eerste kind se geboorte, kon hulle die paaiemente nog betaal. **Na die geboorte van die tweede kind was die moeder verplig om deeltydse werk aan te neem ten einde die paaiemente by te bring. Haar gesondheid het sedertdien versleg sodat sy nie meer deeltydse werk kan aanneem nie. Die gevolg: hulle moes die huis verkoop om die lening te kan terugbetaal.**

'n Ondernemende jong man van Parow het ná sy huwelik 'n lening van £1,800 aangegaan om 'n huis van £2,500 te bou. Toe sy verpligtinge begin vermeerder het, het hy geen ander keuse gehad as om van die huis ontslae te raak nie en die weg van baie voor hom te gaan.

### TEEN VERLIES

Gevalle is ook teenoor Die O.B. genoem waar mense wat gedurende die oorlog toe geld volop en maklik te verdien was, groot lenings aangegaan het om huise te laat bou. Nou dat al die oortyd-betaling verdwyn, is hulle nie meer in staat om hul verpligtings na te kom nie. **Sommige van hierdie persone het selfs teen 'n verlies van £400 hul eiendom van die hand gesit.**

Talle jong getroudes wat huise met behulp van lenings laat bou het, is tans genoodsaak om die grootste gedeelte van hul huise in kamers te verhuur waardeur hulle feitlik self kamerbewoners word. Voorbeelde hiervan word in haas elke straat in die Noordelike voorstede, Bellville, Parow en Goodwood, aangetref.

Ook uit Port-Elizabeth word berig dat talle jong pare verplig is om hul huise ná die geboorte van hul eerste kinders te verkoop aangesien hulle nie al hul verpligtings kan nakom nie.

### GEEN KINDERS

Hierdie voorvalle is maar net opnuut 'n bewys van die chaotiese toestand waarin Suid-Afrika se behuising verkeer.

(vervolg op bladsy 8, kolom 4)

# Indië Verloor Stryd Teen S.A.

Indië het verlede week 'n nederlaag in die V.V.O. gely toe die voogdykomitee met 22 teen 21 stemme sy amendement dat Suidwes nie by die Unie ingeskakel moet word nie en dat 'n kommissie van ondersoek na die gebied gestuur moet word, verwerp het. Hoewel die Unie nie heeltemal tevrede gestel is nie deurdat 'n besluit aangeneem is waarin die vorige standpunt van die V.V.O. gehandhaaf word wat aandring op die plasing van Suidwes onder V.V.O.-voogdyskap, beteken dit tog 'n oorwinning insover die V.V.O. nou oogluikend toelaat dat Suidwes by die Unie ingeskakel word. Die algemene vergadering van die V.V.O. moet nog finaal oor die saak besluit, maar 'n afwyking van die komitee-besluit word nie verwag nie.

Die Unie-standpunt is hoofsaaklik deur mnr. E. H. Louw verdedig.


# BRITTE STEL MEER DUITSERS DAKLOOS

**Ondanks die feit dat miljoene mense in Duitsland vandag huisloos is, en dit een van die grootste vraagstukke uitmaak, het die Britse vlootowerheid besluit om nog honderde huise te vernietig in 'n poging om die droogdokke van Wilhelmshaven môre en oormôre op te blaas. Die stadsraad het dringende versoeke aan die Britse regering en aan Churchill persoonlik gerig om hierdie bedreiging af te wend. Die opblasing van die dokke is deel van die aftakelingsproses van Duitse nywerhede.**

**Die Britse owerheid het reeds verskeie duisende mense gelas om die hawegebied te ontruim.** Daar sal 86 ontploffings plaasvind. Groot voorrade plofstowwe is deur die Britte vir hierdie doel na Wilhelmshaven gebring.

Hoe die vernietiging van die droogdok gerym word met die Amerikaanse planne om Duitsland weer toe te laat om skepe vir verkoop te bou, kan nie begryp word nie. Moontlik wil Brittanje verhoed dat Duitsland weer 'n mededinger in die skeepsbedryf word. Wilhelmshaven was voor die oorlog die hart van die Duitse skeepsnywerheid en lê naby die grens van Holland.

# Totius Ontvang Nuwe Hulde



**Prof. dr. J. D. du Toit (Totius), hoogleraar aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk, Potchefstroom, is 'n eredoktorsgraad in die lettere aangebied deur die Universiteit Kaapstad. Hy sal dit by geleentheid van die gradeplegtigheid op 10 Desember in Kaapstad ontvang. Behalwe verskillende eregrade van Suid-Afrikaanse universiteite het dr. Du Toit ook lank die onderskeiding gedra dat hy die enigste Afrikaner was wat 'n dergelike eredoktorsgraad van 'n Nederlandse universiteit ontvang het. Tans word hierdie eer met hom gedeel deur die digter N. P. van Wyk Louw.**

# TWEEDE VOLKSRAAD VIR BEROEPE IN PLAAS VAN SENAAT

**Politieke waarnemers meen dat die senaat, soos tans saamgestel, 'n groot struikelblok vir die huidige regering sal wees met die aanstaande parlementsitting. Hierdie liggaam was nes die provinsiale rade oorspronklik veronderstel om effens afsydig van die partypolitiek te staan. Die praktyk het egter aangetoon dat die parlementêre stelsel en partypolitiek nie vanmekaar losgemaak kan word nie, en waar ons nou 'n opposisie-meerderheid in die senaat gaan hê, word die saak 'n gewigtige probleem.**

**Deur A. J. van Rooy**

Daar is blykbaar net twee moontlike weë vir die regering nl.

(1) hulle doodsukkel of

(2) 'n nuwe verkiesing uitskrywe, wat dalk gunstig of dalk ongunstig mag verloop.

**Gelukkig egter is daar nog 'n derde weg, nl. grondige hervorming van die tweede liggaam van die wetgewende mag om dit sodoende in plaas van 'n oorlog 'n nuttige liggaam te maak.**

Wanneer ons begin om aan ons staatsinrigting te verander moet ons op twee sake behoorlik let:

(1) die veranderde liggaam moet die maksimum doeltreffendheid aan die dag lê

(2) die veranderde liggaam moet nie meer op vreemde lees geskoei wees nie, maar moet aanpas by die Suid-Afrikaanse tradisie, soos veral geopenbaar is in die republieke van Paul Kruger en Marthinus Steyn.

### BRITSE LORDS

Wat eienaardig is, is die feit dat ons Senaat seker die verste afwyk van sy Engelse teenhanger in ons hele regeringstelsel. Die Britse hoërhuis, „House of Lords" genaamd, bestaan soos sy naam aandui hoofsaaklik uit die Lords wat daar lewenslange setels het. **Dis dus 'n erfstuk uit die feudale tydperk en het nogal sy nut vir sover daar 'n behoudende element in verskuil lê.** Die laerhuis (House of Commons) sal bv. kan kommunisties word — dan sal die hoërhuis darem nog sy konserwatiewe invloed kan laat geld. Die hoërhuis het dus die belangrike rol dat dit die Britse tradisie help bewaar en die Engelse dus meer immuun maak teen skadelike buitelandse invloede — hoewel natuurlik nie heeltemal immuun nie.

### KOMPROMIS

Die senaat van die Unie, het egter nie Lords nie en is dus iets anders in sy samestelling as die House of Lords. Sy voorgeskrewe rol in die parlementêre prosedure is egter dieselfde. Met die opstelling van die Uniegrondwet is toe van die tweede kamer gebruikgemaak om die kleiner provinsies tegemoet te kom. Hulle het 'n federasie verkies bo 'n Unie — daarom het die opstellers van die Uniegrondwet die senaat, wat samestelling betref 'n federatiewe karakter gegee. Elke provinsie, groot of kleiner, kry vier verteenwoordigers.

**Die senaat soos ons hom vandag ken het dus 'n oorsprong van baie twyfelagtige faam. Ten eerste is daar 'n tweede kamer gestel om die uitsluitlike rede dat Engeland een het — dit is dus op vreemde lees geskoei sover enigsins moontlik. Verder herberg dit 'n provinsialisme wat eerder uitgeroei as bestendig moet word — buitendien 'n provinsialisme wat al uitgedien is.** Skrywer hiervan is 'n Transvaler, sy vrou 'n Vrystater en sy seun 'n Kolonialer — al drie is drie Afrikaners.

### LASPOS

Die senaat — 'n laspos — kan dus gerus maar verander word — daar is geen rede waarom dit verdien om in sy huidige vorm gehandhaaf te word nie.

Ons kan gerus nou 'n bietjie in ons geskiedenis terugblaai om te sien of

(1) 'n Tweede Wetgewende **Vergadering ooit bestaan het en**

(2) in welke vorm, en met welke funksie?

Die eerste vraag kan ons positief beantwoord — die wetgewende liggaam van die Suid-Afrikaanse Republiek (Transvaal) het twee kamers gehad: die Volksraad en die Tweede Volksraad.

Die Volksraad van destyds is welbekend — die verskillende wyke het hulle verteenwoordigers gehad, wat deur die burgers gekies is. Die Volksraad moes die wette passeer, geld stem ens.

### VIR NYWERHEDE

Maar wat dan van die Tweede Volksraad? Die Tweede Volksraad is ingestel kragtens wet nr. 4 van 1890 met beperkte wetgewende bevoegdheid. Die stigting van hierdie liggaam was veral om twee redes:

(1) Die tegemoetkoming van die Uitlanders, wat, op een tydstip eers na 12 jarige verblyf in die Republiek stemreg gekry het. Vir die Tweede Volksraad was hulle reeds na 2 jaar stemgeregtig en glo na 7 jaar verkiesbaar.

(2) **Om behulpsaam te wees met nywerheidswetgewing.** Dit spreek vanself dat die boerebevolking nywerheidswetgewing vir die destyds opkomende myne en nywerhede 'n bietjie ingewikkeld en ongewoon gevind het. **Die Tweede Volksraad kon hier dus 'n belangrike positiewe bydrae tot die wetgewing van die land doen, deurdat tegniese lui weldra tot die verrigtings kon bydra — iets wat in die eigentlike Volksraad nie die geval was nie.**

### HET BETEKENIS GEHAD

Die Tweede Volksraad vergelyk dus baie gunstig met ons senaat, — aangesien dit 'n liggaam was wat belangrik was vir sy spesifieke bydrae tot die wetgewing van die land. **Ons senaat is net belangrik wanneer dit 'n struikelblok is, en is dus 'n oorlas, nieteenstaande daar 'n hele klompie knap senatore is.**

Hoe sal ons 'n Tweede Volksraad kan laat aanpas by die omstandighede van vandag? Soos reeds aangestip het die Tweede Volksraad van die Z.A.R. aan twee redes sy bestaan te danke gehad:

(1) Stemregkwessie en

(2) Nywerheidswetgewing.

Die stemregkwessie van destyds bestaan nie meer vandag nie. Daar is wel die kwessie van Bantoe en kleurlingstemreg. In elk geval die kwessie van Bantoestemreg hang saam met die gedagte van Bantoestan (om 'n Indiese term te gebruik.) En dit sal dan beslis moet word of in so 'n naturellestaat die toekenning

(vervolg op bladsy 6, kolom 3)

## KERSWENSE IN DIE O.B.

**Ons wil ons lesers daaraan herinner dat Die O.B. in sy uitgawes van 15 en 22 Desember vier kolomme sal inrig vir Kers- en Nuwejaarswense, soos in die verlede. Vir die gerief van ons lesers bied ons 'n spesiale tarief van 2/6 per gelukwensing aan, wat saam met die bewoording aan Posbus 1411, Kaapstad, gestuur moet word, sodat dit ons nie later nie as die Saterdag voor publikasie bereik. U kan ook meld in watter uitgawe u dit geplaas wil hê. Gelukwensings wat ons te laat vir die 15e bereik, sal op 22 Desember verskyn.**

# Twee Partye Gee Groter Krag

**Die Afrikanerparty, deur 'n aparte organisasie te bly, is in 'n posisie om meer vriende vir nasionalisme te wen, het mnr. N. C. Havenga leier van die Afrikanerparty, verlede Woensdag verklaar toe hy as gas die H.N.P.-kongres in Transvaal bygewoon het. Die oorwinning is besorg deur die samewerking van die twee partye maar ook van ander nasionaalgesindes sonder partye, het spr. gesê.**

Die eenwording van die H.N.P. en die A.P. is die afgelope week druk bespreek deur die Transvaalse kongres van die H.N.P. Die bespreking het agter geslote deure plaasgevind en daar is besluit dat 'n afvaardiging bestaande uit dr. D. F. Malan, dr. E. G. Jansen, mnr. J. G. Strydom, mnr. C. R. Swart en sen. W. A. Hofmeyer, met mnr. Havenga oor eenwording moet gesels.

Mnr. Havenga het die kongres Woensdag bygewoon op uitnodiging en onder meer verklaar dat ons almal nasionaalgesinde Afrikaners is maar nie in een politieke party nie. Die twee nasionale partye het saamgespan om die verkiesing te wen. Die partye is nog twee. Nou moet nie gevra word waarom dit is nie. Daar was goeie redes voor.

### BREË STEUN

**Op die steun van ontevredenes met die ou regering moet nie op lange duur gebou word nie. Alleen eenheid van strewe kan die steun bestendig, het hy gesê. Moenie onverstandig of haastig optree nie, moenie afbreek nie maar maak bymekaar. Liewer moet kragte gekonsolideer word. Terwyl die oorwinning nie net met partymense behaal is nie moet gesorg word dat die breë steun voortduur.**

Ons is nie een party nie, maar ons is een in strewe. Die twee partye werk in goeie trou saam en die Afrikanerparty sal nie ontrou gevind word nie. Die klein vleuel van die Nasionale party sal blyk 'n nie onbeduidende deel by te gedra het nie. Ek vra u om nie die deel te vergeet wat die kleiner nasionale party in die oorwinning gehad het nie, het mnr. Havenga gesê.

## 5,000 Berlyners As Slawe

**Meer as 5,000 Berlyners is sedert 1945 deur die Russe ontvoer, volgens 'n verklaring wat deur die Sosiaal-Demokratiese Party in Berlyn uitgereik is. Die verklaring is gegrond op inligting wat uit die Russiese besettingsgebied afkomstig is.**

Daar word twee redes aangevoer vir hierdie ontvoering: alle politieke teenstanders word verwyder vir doeleindes van slawe-arbeid. Die ontvoerders word in arbeidskampe geplaas waar hulle verpligte arbeid moet doen. Net na die Duitse oorgawe het die Russe probeer om Duitse vakmanne te werf vir diens in Rusland. Baie min het hulle aangemeld. Om hierdie getalle aan te vul, word die Duitsers ontvoer.

**Indien die invoerbeperkings** nie daarin slaag om betalings aan die V.S.A. binne ses maande te laat balanseer nie, mag dit noodsaaklik wees om verdere inkortings te maak, het mnr. C. te Water, die Unie se Buitengewone Afgesant in Washington verklaar.

# SUID-AFRIKA OP SPOOR VAN POLIO

**Daar is alle hoop om die geheim van kinderverlamming binnekort in die Unie op te los en die middele daarteen te vind, het dr. E. H. Cluver, direkteur van die Mediese Navorsingsinstituut, in Kaapstad verklaar.**

**Die navorsingswerk in die Unie het reeds belowende resultate gelewer en die navorsers staan reeds op die drumpel van die finale ontdekking.**

Daar is sowat £500,000 nodig om 'n instituut vir virusnavorsing te stig wat kinderverlamming en ander virussiektes kan ondersoek, het hy gesê.

Daar is op gewys dat dié soort navorsing een van die duurste navorsings is. Suid-Afrika is in 'n besondere posisie om die navorsing te doen omdat hy oor die blou-aap beskik, die enigste dier wat vatbaar is vir kinderverlamming — en 'n navorser van wêreldfaam in die persoon van dr. J. H. Gear het. Daar moet ook vasgestel word waarom natuurlike oor die algemeen immuun teen die siektes is, iets wat van groot hulp kan wees om ons op die spoor te bring.


Probeer die nuwe SPRINGBOK- „Medium"




OOK IN 10's EN 50's MET OF SONDER KURK

G2-1033



DIE KIESKEURIGE MAN

GAAN VIR SY KLERE NA

Kotzé

*omdat hy weet dat hy waarde vir sy geld kry.*

SO PAS 'N UITSTEKENDE SNYER VAN DIE VASTELAND IN DIENS GENEEM.

ADDERLEYSTRAAT 134 - KAAPSTAD

*Brief Aan My Partyvriend :*

# Boos Vir 'n Stoeier Wat Doen Wat Verwag Word

Geagte Vriend,

In my vorige brief het ek aangetoon hoe daar in die Boererepublieke werklike volksverteenwoordigers was wat geen ander oorweging as dié van hul volk se belang en hul eie gewete geken het nie. Hulle het nie nodig gehad om eers 'n party aan bewind te bring voordat hulle kan regeer nie, en kon dus hul aandag en energie regstreeks wy aan hul volk en land. Hulle het nie nodig gehad om in hul mede-Afrikaners wat van hulle verskil het oor hoe die belange van die land die beste gedien kan word, „vyande" en „verraaiers" te sien nie. **Dr. Leyds het dan ook, soos opgeteken deur Kees van Hoek van hulle gesê dat hulle „gebore wetgewers" was en dat „na al die afgelope jare waarin ek so baie parlemente bygewoon het, gee ek die ou Republiek se Raadslede die pluimpie vir parlementêre decorum". Hy voeg daaraan toe dat die Raadslede baie op hul waardigheid gesteld was en dat hulle veel eerder na 'n senaat gelyk het as 'n volksraad.**

Waarom kon 'n kritiese geleerde soos Leyds, wat die hele Europa deurreis het as gesant, sulke hoë lof toeswaai aan die Transvaalse wetgewers? Die antwoord lê voor die hand: **Omdat die volk geen ander oorweging as volksbelang geken het nie, het hulle slegs die beste gekies om hulle te verteenwoordig, en daardie verteenwoordigers het nie nodig gehad om eers te kwalifiseer in 'n partypolitieke stoeigeveg waarin wanvoorstellings, omkopery, volksmennery en knoeiery die grepe uitmaak nie. Die regeringstelsel het hulle aangemoedig om hul waardigheid te behou, en nie, soos vandag die geval is, jou self goedkoop te maak in die jag na stemme tussen twee partye nie.**

### SOOS NOMINASIE

'n Verkiesing in daardie dae het die vorm aangeneem van 'n partynominasie van vandag. Aspirant-kandidate van dieselfde party wat teen mekaar staan vir 'n benoeming beveg mekaar met veel groter agting en waardering as 'n kandidaat van die teenparty — behalwe in sover die partypolitiek weens die onsmaaklikheid daarvan die neiging het om dikwelliges na vore te stoot wat soms selfs in 'n partynominasie hulself te buite gaan. Maar oor die algemeen word 'n kandidaatskap binne 'n party met waardigheid en vertroue beslis net soos verskil van mening binne 'n party met veel groter verdraagsaamheid bejeën word. Om 'n vars voorbeeld te noem: Op die Transvaalse kongres van die H.N.P. is daar deur sommige afgevaardigdes skerp verskil van dr. Stals oor laasgenoemde se naturelle-onderwysbeleid. **Hulle het sy standpunt afgekeur, maar hulle het hom nie 'n „Kafferboetie" genoem nie. Dr. Stals is natuurlik nie 'n „kafferboetie" nie, maar baie volksgenote buite die H.N.P. wat ook soos dr. Stals oor die vraagstuk dink, word wel as „Kafferboeties" gebrandmerk.**

### DIE REDE

Waarom die verskil? Die rede is tweërlei. In die eerste plaas weet ek dat my partygenoot, wanneer hy verskil, dit eerlik bedoel. Ek respekteer dus sy opinie, al kan ek dit nie goedkeur nie. So was dit ook in die Republiek, want my volk was my party. **Maar die man in die ander party, weet ek, bedoel dit nie in die eerste plaas eerlik nie — sy bedoeling is om my party te ondermyn en verdag te maak — daarom raak ek verbitter op hom. En in die tweede plaas bedoel ek dit self nie eerlik nie, want dit is my bedoeling om sy party te ondermyn en hom by die volk verdag te maak — daarom raak hy op my verbitter en sê op sy beurt nog weer erger dinge van my.**

### NET IN MY PLEK

Jy sien, my mede-burger in die teenparty kan nie onder die huidige stelsel LANGS my trek nie — **hy kan alleen die volkswa trek as hy my uitstoot en my plek kom vat. Daarom veg ons teen mekaar met enige wapen — van omkoop tot doodskinder, want buig of bars my plek in die wa kry hy nie!**

Indien die stelsel hom toegelaat het om ook langs my te trek, soos in die Republiek, sou ons net van mekaar verskil het in sover ons dit albei eerlik bedoel en daarom in liefde kon saamlewe soos partygenote dit vandag doen. Vir ons albei was daar dan net een vyand, naamlik dié van ons volk, maar vandag is ons mekaar se vyande.

### GENL. SMUTS

Kom ek noem jou nog 'n voorbeeld van die afgelope weke. Jy het seker gelees hoe van dr. Malan en min. Louw tot elke regeringsblad die sterkste veroordeling uitgespreek het oor genl. Smuts se onverantwoordelike uitlatings teen die regering. Hy is selfs 'n „verraaier" genoem, en om die waarheid te sê, sy dade het ongetwyfeld die uitwerking van sabotasie van sy eie land. Maar hoe seer ons dit betreur, bly die feit staan dat genl. Smuts bloot sy plig as goeie opposisieleier uitvoer. **Hy word £2,000 per jaar betaal om dr. Malan uit die regeringskussings te stoot. Hy het geen ander werk nie, want hy neem geen aandeel aan die regering nie — hy is „Sy Majesteit se Opposisie-leier" met die uitsluitlike taak om die regering tot 'n val te bring sodat hy weer kan regeer en dr. Malan dan weer teen hom sal stoot teen 'n vergoeding van £2,000 per jaar.**

### KWAAD VIR STOEIER

**Dit is amper net so belaglik om genl. Smuts kwalik te neem vir sy „sabotasie" as wat dit is om die beroepstoeier „Knockout Joe" kwalik te neem as hy ons held „Wilde Als" oor die toue skop in die stoeikryt. Dit is immers waarvoor hy betaal word en wat ons betaal om te sien!**

Ons het toegelaat dat die Engelse ons skoon politiek van die Republieke, wat „waardig" was, kom vervang het met 'n stelsel van politieke stoei waarin mense betaal word om te veg teen hul volksgenote; en omdat die oorwinnaar 'n groter prys kry — ook die alleenreg om die bewind te voer — stoei ons rof of onverantwoordelik, want buig of bars, **ek het die reg om die regering uit die kryt te smyt, en ek doen dit met alle mag, maak nie saak of ek hom op die kop van my volk gooi nie!**

### DIERE MEER VERSTANDIG

My vriend, jy weet tog dat in die natuur daar ook dikwels hard geveg word om leierskap, maar as die geveg, wat soms 'n paar sekonde duur, soms langer, afgeloop is, aanvaar die verloorder die ander se leierskap deur òf agter hom in die trop in te val, òf homself van die trop af te skei. **Maar hy laat die trop in elk geval nie aanhoudend aan gevaar blootgestel bly deur sy nimmereindigende geveg met die leier wat oor die trop moet waak nie.** Maar hier sien ons die skouspel dat mense wat hulle beroem dat hulle redelik is, 'n stelsel handhaaf waarin die leier van die volk aanhoudend deur die verloorder beveg word — en daarvoor betaal word — in 'n poging om hom uit sy posisie te stoot — ongeag hoeveel skade die wolwe en ander ongediertes die volk intussen aandoen.

**Maar in ons Boere-republieke het die verloorder na afloop van die verkiesing saamgetrek in die volkswa — saamgesit in die uitvoerende komitee of „kabinet" van sy volk.**

So wil die Ossewabrandwag dit weer hê.

## HEIDELBERG GEE MEER

Die Ossewabrandwag van Heidelberg (Kaap) het vanjaar hul inameling met O.B.-dag verdubbel in vergelyking met verlede jaar, volgens komdt. N. Uys die O.B. meedeel.

Die kommando het die mooi bedrag van meer as £50 ingesamel. Op die funksie wat onlangs gehou is, was genl. M. Smith van Robertson die hoofspreker. Hy het 'n besielende rede gehou. H.N.P.-lede het die funksie mooi ondersteun.

Die afdeling wat tans opnuut organiseer, het ook 'n aansienlike aantal intekenare op die blad gewerf.


DIE

**ROBERTSON-HANDELSVERENIGING BEPERK**

(VOORHEEN BARRYS BEPERK)

*Algemene Handelaars en Produktekopers*

**Verpakkers van Gedroogde Vrugte, Vrugtelekkers, Neute en Tee**

(Vir verdere besonderhede kyk onder geklassifiseerde advertensies)

**ROBERTSON — K.P.**

**Piet Retiefstraat - Posbus 7 - Tel. 2 en 3**

**,,ONS LEUSE IS DIENS''**


# GEBREK AAN WATER IN PAD VAN EIE PETROLPRODUKSIE

**Die tekort aan water in die Unie mag moontlik 'n stremmende faktor wees by die vervaardiging van petrol en olie uit steenkool. Blykens 'n gesaghebbende berekening sal daar 40 ton water nodig wees vir elke ton petrol wat vervaardig word en dit beteken dat daar jaarliks 2,024,000,000 gelling water nodig sal wees om 76,000,000 gelling petrol te vervaardig soos die voorlopige plan is.**

Die water vir hierdie fabriek sal uit die Vaalrivier gepomp word en dit sal naasteby op 5,300,000 gelling per dag te staan kom.

Meer soortgelyke ondernemings kan nie aan die Vaalrivier opgerig word nie, het mnr. H. R. Raikes, rektor van die Universiteit Witwatersrand, die afgelope week verklaar. **Die oplossing, het hy gesê, lê miskien in die feit dat die riviere tussen die Pongola en die Komati net soveel water as die Vaalrivier kan lewer. Afgesien van water het die gebied groot steenkoolvoorrade.** Die lisensie wat deur die regering uitgereik is vir die oprigting van 'n fabriek, stel as voorwaarde dat dit net in die omgewing van Vredefort mag geskied. Die regering het ook onderneem om geen ander lisensie binne vier jaar uit te reik nie.

### BEPLANNING NODIG

Volgens mnr. Raikes sal die Unie binnekort tot 300,000,000 gelling petrol 120,000,000 brandstofolie nodig hê.

Hy het die noodsaaklikheid van behoorlike navorsing met die oog op ontwikkeling van ons eie nywerheid op hierdie gebied sterk beklemtoon, en in die verband daarop gewys dat die voornemende fabriek driemaal so groot sal wees as die Duitse fabrieke van sy soort is.

In verband met die watertekort in die Unie, het mnr. F. J. du Toit, sekretaris van Handel en Nywerheid, die afgelope week op Oos-Londen verklaar dat Suid-Afrika nie veel toekomsmoontlikhede het as daar nie 'n stelselmatige beleid van waterbewaring aangepak word nie.

## Samewerking Nodig Vir Repatriasie

Om die Indiërs te kan repatrieer, is die samewerking van ander volke daarvoor nodig, het die Minister van Binnelandse Sake in Pretoria op die H.N.P.-kongres verklaar. Tans lyk dit nie of die samewerking verkry kan word nie, maar dit is die rigting waarin gestuur word.

Die Afrikaners is uit Angola en Argentinië na hul vaderland teruggebring en daar word nou van Indië verwag om dieselfde met sy mense te doen, het dr. Dönges gesê.




DANS VIR PLESIER

*Maar vir persoonlike frisheid*

*en betowerende welriekendheid*

*is die antwoord*

**K W V**

***-reukwater***

EN

***-laventel***

PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA

*Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerders*

H. J. NIEHAUS (EDMS.) BEPERK

Posbus 2108, Kaapstad.

Posbus 4883, Johannesburg.

6-48

**WEES BESKERM!**

***BRAND-Assuransie by—***

**SANTAM**

**SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.**

**Takke dwarsdeur die Unie**

**DEFTIGE SKRYFPAPIER** — vir u persoonlike korrespondensie, of vir klein presentjies aan u vriende. Dit kos so min — dit beteken so veel. Netjies verpak in aantreklike dose.

★

„Egerton Wove," lig blou papier — vir alledaagse gebruik (met bypassende koeverte) .. .. .. .. .. .. 3/- per doos.

„Petersburg 1850," lig blou of grys papier. Die regte papier vir uitnodigings en bedankings (met bypassende koeverte) .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. 6/- per doos.

„Foreign Mail," uiters smaakvolle papier in Wit, Grys, Blou of Bruin — vir persoonlike presentjies (met bypassende koeverte) .. .. .. .. .. .. .. .. .. 7/- per doos.

**BESTEL VAN:**

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

**Telefoon 2-7071 - Groote Kerkgebou - KAAPSTAD**

★ ALLE SKRYFBEHOEFTES VOORRADIG ★

DIE O.B., WOENSDAG, 24 NOVEMBER 1948

# MOORD OP ONS VOLK

Ons het in die jongste tyd baie gehoor vân die voortbestaan van die blanke volk in Suid-Afrika, en ons sal waarskynlik nog heelwat verkiesings daaroor veg, maar daar is 'n aspek van hierdie vraagstuk wat nie op verkiesings hoef te wag nie. **Dit roep om dade en dit roep elke dag luider.** Dit is die noodsaaklikheid dat elke gesin 'n huis moet bewoon waarin die gesin gekweek kan word — die lewenselle van 'n volk. 'n Groter blanke bevolking is die roepstem van alle kante, en allerlei middels word aangewend om versterking uit die buiteland aan te bring — hetsy in ongekeurde troppe soos onder die vorige bewind, hetsy in gereguleerde vorm soos tans. **Maar in albei gevalle loop die pogings eindelik dood teen die behuisingvraagstuk.**

Maar gebrek aan huise hou nie net vreemdelinge uit die land nie, dit hou ook die nageslag uit die wieg. In Kaapstad alleen is daar vandag meer as 12,000 gesinne op die waglys vir 'n huurhuisie of 'n woonstel. In ander groot stede van die land is die posisie niks beter nie. **Dit beteken dat tienduisende jong getroude pare deur omstandighede buite hul wil of beheer belet word om gesinne te bou, en tienduisende ander gesinne word belet om verder uit te brei. Dit beteken dat ons volk se geboortesyfer, wat reeds beklagend laag staan, elke jaar met tienduisende meer omlaag gedruk word.** En dit op 'n tydstip wanneer die tekens daar is dat ons jong mense begerig is om groter gesinne te hê as die vorige geslag.

## *Kinders In Ruil Vir Huise*

Maar hier hou die vraagstuk nog nie op nie. Diegene wat nie kan wag op 'n huurhuis of woonstel — wat ook maar geen ruimte vir gesinsgroei bied nie — neem uiteindelik in radeloosheid hul toevlug tot die koop of bou van 'n eie huis, ver bo hul geldelike vermoë. **Soos elders in ons blad berig word, kan hulle die paaiemente dan ook maar net bybring solank hulle geen kinders het nie.** Dus, nie net diegene wat in kamers woon nie, maar selfs hulle wat hul eie huise besit, word teen hul begeerte gedwing om mee te doen aan „die selfmoord van 'n nasie". Hoë boukoste is besig om ons volk te vermoor!

**Dit is die plig van die regering om sonder enige versuim 'n ondersoek te laat instel na die vraagstuk van boukoste.** Behalwe duur materiaal is daar twee oorsake wat wel deeglik iets aan gedoen kan word. Die een is gebrek aan arbeidsprestasie weens 'n uitheemse en verwronge begrip van arbeidsbeskerming, **waardeur werkers verbied word om groter betaling te ontvang vir groter prestasie.** Te oordeel na die voorbeeld van 'n Durbanse bouer wat beboet is omdat hy sy werkers vergoed het vir groter ywer, hoewel hy sy skema in die helfte van die beraamde tyd voltooi het, behoort huise die helfte vinniger, en dus heelwat goedkoper gelewer te kan word as die werkers aangemoedig word om hul plig te doen. **Dit is 'n verantwoordelikheid wat hulle in elk geval teenoor hul volk het.**

## *„Goudmyne"?*

Aan die ander kant is daar die kwessie van winste op huise deur boubase. **Dit wil voorkom of dinge hier ver van pluis is. Dit is opvallend hoeveel nuwelinge — en veral immigrante — hulle in die afgelope paar jaar op hierdie terrein begeef het met waarneembare sukses! Mense wat 'n paar jaar gelede die land ingekom het as vakmanne, ry vandag in blink motors rond as bou-aannemers, hoewel hulle nog amateurs moet wees op hierdie gebied.** 'n Geval is bekend waar 'n jong man in die moeilike oorlogsjare 'n winkel gekoop het, wat hy self later as „'n goudmyn" beskryf het, en wat hom inderdaad in staat gestel het om nog meer takke in die voorstede op te rig. **'n Paar maande gelede het hy aandag begin gee aan bouery en vandag praat hy openlik van sy winkels as „sommer 'n kleinigheidjie".** Aan sy klandisie skenk hy geen oorweging meer nie; of hulle hom verlaat of nie, laat hom koud, want sy „groot geld" lê in sy bou-onderneming. **Daar moet 'n baie groot skroef êrens los wees as amateurs na enkele maande so kan praat en so kan handel! En die skroef in hierdie geval is beslis nie los by die betrokke jong ondernemer nie!**

Daarom sê ons dat die regering dit nie kan toelaat dat ons volk vermoor word deur hoë boukoste nie, en 'n deeglike en onverwylde ondersoek na die oorsake van daardie koste en die kwessie van billike vergoeding aan boubase is beslis die minste wat op hierdie stadium verwag kan word.

# STALINISME: DIE ROOIE DOOD UIT ASIË

## *SUID-SLAWIESE KETTERY*

**Dis verbasend om op te merk tot hoe 'n mate die wêreldbeskawing, byna in die klem van iets veel erger as die Swarte Dood van die middeleeue, aan 'n soms kinderliknaïewe gebrek aan insig aangaande die aard van die vyand mank gaan. Daar is nog werklik mense wat waarde heg aan die s.g. sosiale hervormings wat die KREMLIN-tirannie sou beoog; en in die Verenigde State is daar 'n Wallace wat dink dat wêreldvrede met Russiese hulp verkry kan word.**

Om hierdie wandenkbeelde teen te gaan is die verspreiding van kennis aangaande die Stalin-bewind noodsaaklik. Gelukkig is daar so 'n massa feite tot die beskikking van die soeker dat die ontsluiering nie swaar val nie. Tewens het die Sowjetleiers van tyd tot tyd veel moeite gedoen om hulle self in geskrifte en toesprake bloot te lê. Al wat hul vyande hoef te doen is om te glo wat hulle van hulself sê en te kyk wat hulle doen. Om die teorie en die praktyk van Stalinisme bymekaar te bring is maklik. Dis ook leersaam.

### NIE MEER KOMMUNISME NIE

Die benaming **Stalinisme** is meer beskrywend as **Kommunisme.** Laasgenoemde was voorheen die benaming vir mense wat, hoewel verward, tog 'n mate van idealisme besit het. Die werklike Kommuniste van die Ou Garde is egter lank reeds verslind deur die maghebbende Staliniste, die hedendaagse eksperte op die gebied van magspolitiek. Soos die vroeë Christene 'n kerk gestig het wat later in die duisternis en verworrenheid van die Middeleeue die septer van verdelging geswaai en die barbaarshede van die Inkwisisie gebaan het, so het ons nou in ons midde die godsdiens van Josef Stalin, **dog beklee met veel meer mag en gesuiwer van die laaste greintjie beskawing soos die mensegeslagte sedert Christus hulleself beskawing voorgestel het.**

### SOOS DIE POUS EN KARDINALE

Dit is ook nie bloot toevallig dat die Rooms-Katolieke Kerk so 'n sterk teenstander van die Stalinisme is nie. Laasgenoemde is georganiseerd in 'n magtige en oorheersende vorm, die Kommunistiese Party van Rusland, waardeur nie net Rusland nie maar die Kommunistiese Partye van die wêreld beheer word. Soos die Pous en sy Kollege van Kardinale vanuit Rome die Rooms-Katolieke Kerk onverbiddelik en outokraties regeer, **so heers Stalin en die Politieke Komi-**

**Deur J. de Vos**

**tee van die Party as volkome dwingelande nie net oor die geestelike lewens van lede en alle onderdane van die Party nie, maar ook oor hulle daaglikse werk, hulle wyse van ontspanning, hulle gesinslewe, oor letterlik die uur van hul geboorte tot die uur van hul dood. Die bewind van die Kremlin is meer totalitêr as dié van Rome en in meer as een opsig regstreeks teenoorgesteld. Dog 'n mate van ooreenkoms bly daar.**

### TITO DIE KETTER

Dis interessant om die botsing van Tito met Stalin en die pouslike Kremlin dop te hou. So plooibaar as die Staliniste in hul optrede teenoor die buitewêreld is, net so onverbiddelik staan hulle teenoor die rebelle uit hulle midde. Tewens word dit nie slegs as rebellie beskou nie, slegs opstand teen 'n staatsbewind nie. **Dis die dodelike kettery in eie wese, dis die repudiasie van 'n geloof, dit bring mee uitwerping uit die Kerk van Stalin, dit beteken ekskommunikasie, verbranding na die liggaam en die gees, dis 'n sonde wat nie vergeef of vergeet word nie.** Die jammerlike erkennings van skuld en die selfvernedering van die Ou Garde tydens hulle openbare „verhore" kon die lewens van Radek, Kamenev en al die ander nie red nie. Met onherroeplike noodwendigheid moes hulle met hul lewens vir hul kettery boete doen.

By geleentheid het Stalin kans gesien om met Hitler self tot 'n reëling te kom; vandag nog kan Wallace ontken dat hy Kommunis is en tog die Kommunistiese steun behou; die verdwaasde Engelse geestelikes wat Rusland in 'n gees van bewondering wil besoek word van harte verwelkom; maar vir die welsprekende en begaafde Trotski deurdagte Kommunistiese wysgeer en suksesvolle Russiese staatsminister, het na sy ketterse afwyking slegs 'n lewenslange ballingskap en 'n graf in die vreemde oorgebly. **Na buitetoe waar Stalin die mag nie het nie, word die sluwe diplomaat aan die wêreld getoon, na binne die meedoënlose Oosterse heerser.**

### WAT WAG VIR TITO?

Nog beter seker as ons weet Tito wat hom van die liefderike omarming van Stalin te wagte is. **Nie alleen het hy van die geloof afgewyk nie, maar hy het werklik vir die eerste keer daarin geslaag om onder Stalin se Georgiese neus die staatsmag van Suid-Slawië teen Moskou te gebruik.** Tito is sekerlik geen dwaas nie; ook nie 'n futiele dromer nie. Sy loopbaan as guerillaleier bewys dit. Hy is in alle opsigte 'n rasegte Stalinis, met die een belangrike voorbehoud: hy glo nie blindweg slegs aan die Kremlin nie. Hy meen daar kan net sowel uit Belgrado ook iets goeds kom. Ewemin as die Pous sy hoogste gesag as geestelike in twyfel kan laat trek, ewemin kan die stelsel van Stalin selfs die beste Kommunis sy selfstandige optrede en voortbestaan gun.

Hoewel ander luitenante van tyd tot tyd probeer het, het dusver geeneen reggekry wat Tito reeds kon nie. Hy het selfs teen die huurlinge van Stalin en die Kominform, die instrument van die Kremlin, gewelddadig opgetree. Sy Geheime Polisie het 'n paar generaals wat die grens na die Roemeense Ana Pauker, handlanger van Stalin, wou oorsteek, van die gras gemaak. Tito se land lê ook nie so volkome van Russies-beheerde gebiede omring nie. Menige Pool of Roemeen, byvoorbeeld, kon al na so 'n optrede gesmag het, maar dáár sou die aardrykskunde die saak bemoeilik.

Ons sal waarskynlik op die volgende rondte moet wag. Stalin is soms versigtig; maar hy is nie vergeetagtig nie. Die Tito-kettery mag nog belangrik wees vir Stalin sowel as die wêreld.

# Inlywing Van Protektorate

Die inlywing van die Britse protektorate, Basoetoland en Zwasiland, by die Unie sal 'n natuurlike ding wees, en die Unie-regering sal tegelykertyd die kwessie van inlywing weer met die Britse regering bespreek, het dr. Malan sy partykongres in Pretoria meegedeel.

Dr. Malan het gesê dat die Suid-Afrika-wet ('n wet van die Britse parlement) voorsiening maak vir die inlywing van die protektorate onderhewig aan sekere voorwaardes, maar sedert 1910 is daar geen vordering gemaak met hierdie saak nie.

Die Britse regering het die houding ingeneem dat die gebied ingelyf kan word met die toestemming van die naturelle van die gebiede. Daardie toestemming, het die Eerste Minister gesê, sal nooit verkry word solank die gebiede protektorate bly nie en mislei word oor die werklike voornemens van die regering. **Die S.A.-wet het geen voorsiening gemaak dat die toestemming van die naturelle vir inlywing verkry moet word nie.**

**GROOT A.P.-DAG**

**27 November, vanaf 4 nm.**
By mnr. T. C. (Tielman) Roos in die dennebos.
Spreker: **Mnr. Max Smuts,** A.P.-kandidaat, Paarl.
Allerhande soorte Boeresport, braaivleis en verskeie smaaklike geregte sal op die terrein verkoop word.
**Kom seker en ondersteun die saak van Afrikaner-eenheid.**

**O.B.-DAG**

**ROBERTSON, 27 NOVEMBER**
**Om 5 nm.: Basaar.**
***Spreker: Genl. .M. F. Smith.***
**Om 8 nm.: Vergadering.**
***Spreker: A.K.G. Smith***
**Omliggende kommando's; Vriende en Belangstellendes word vriendelik uitgenooi.**

# Rooi Houvas Nog Nie Voltooi In Indië

**Indië met sy selfopgelegde taak as leier van die nie-blanke rasse wat hy meen onderdruk word deur die blankes, het die afgelope weke sy aanval op Suid-Afrika voortgesit in die V.V.O. Na aanleiding hiervan het die vraag by menigeen opgekom: tot watter mate word Indië deur Rusland beïnvloed en hoe sterk is die Kommunistiese Party in daardie land? Hierby kan mens ook nog voeg: wat is Indië se houding teenoor Rusland?**

Die politieke ontwikkelings van die afgelope tyd het Indië se uitkyk op sake heelwat verander. 'n Paar maande gelede as daar oorlog tussen Oos en Wes moes uitgebreek het, sou Indië verkies het om neutraal te bly. Vandag is dit nie meer so seker nie. Direkte Russiese inmenging in Asiatiese sake is hiervoor verantwoordelik en daar is ingeligte waarnemers wat meen dat amptelike kringe in Indië 'n tikkie simpatie vir die Weste in hierdie stryd sal ontwikkel. En as Russiese agente aanhou instroom in Indië om hul Kommunistiese werk voort te sit, mag hierdie gevoel by die regering moontlik toeneem.

### INVLOED

Tot 'n paar maande gelede was daar 'n sterk simpatie met Rusland in Indië se regeringskringe, en hoewel hierdie gevoel 'n bietjie afgekoel het, kan Sowjet-invloede in Indië nie weggeredeneer word nie, skryf Review of World Affairs. Rusland het besluit dat die Indiese Kommunistiese Party so sterk as moontlik gemaak moet word, al is dit ten koste van 'n minder harmoniese verhouding met die regering van Indië. Gedurende Maart vanjaar is daar 'n belangrike konferensie in Kulcutta gehou. **Op hierdie konferensie was die Kommunistiese Party van Indië, Frans-Indo-Sjina, Siam, die Maleise Eilande, Sjina, Indonesië en Birma verteenwoordig. Die meeste van die afgevaardigdes het gebruik gemaak van diplomatieke paspoorte. Rusland het voorgesit. Die hele Kommunistiese strategie in Asië is hier uitgewerk en beplan. Met die oog op die Kommunistiese optrede in die Ooste, is hierdie konferensie van besondere belang.**

### GROOT PERSONEEL

Die Sowjet-ambassade in Nu-Delhi wat 'n personeel van 100 lede het, se getalle is stadig maar seker gedurende die afgelope jaar aangevul. Die Russiese ambassadeur hier is Novikoff. Hy is egter nie die groot-baas nie. Die werklike hoof van die Ambassade is die M.V.D.-afdeling waarvan Pavel Erzine die hoof is. Laasgenoemde reis baie rond, is 'n goeie spreker en het baie vriende onder Indiese hooggeplaastes.

Wat is die toestand in Pakistan? Behalwe in die Noord-Westelike grens van die land is daar nie veel Kommunistiese invloed nie. In Karachi bestaan daar aktiewe Kommunistiese selle in die hawedistrikte wat onder die leiding van bekwame agitators staan. Sulke selle bestaan ook in Chittagong.

### STERK

In die Noordweste is dit egter 'n ander storie. Hier het die Marxiste deeglik voet aan wal gesit, en poog hulle om die invloed van die regering van Pakistan onder die Indiërs te saboteer. In geval van oorlog kan hierdie rooi volgelinge gevaarlik wees.

**Daar is geen Russiese of Russiese satelliet-ambassade in Karachi nie en die regering van Pakistan openbaar ook geen geesdrif om een daar te hê nie.** Handelsbetrekkings tussen die twee lande is egter vinnig aan die toeneem en Rusland speel hier die rol van die weldoener in 'n poging om simpatie te wen. Daar sal egter eersdaags 'n sterk Hongaarse handelsending in Pakistan wees. Dit sal staan onder Tibor Mende. Hoewel hy 'n Amerikaanse agtergrond het, is hy in die Kommunisme geskool.

### STRATEGIE

Deel van die Russiese strategie is om Indië en Pakistan voorlopig uit 'n oorlog te hou sodat hy in staat kan wees om toe te sak op die Midde-Ooste en Verre Ooste. Oor die hele gebied vanaf Istanbul in Turkye tot aan die grense van Pakistan is daar Kommunistiese eenhede wat sal reageer op instruksies van Rusland. Maar of Indië sowel as Pakistan bereid sal wees om stil te sit terwyl hul grense bedreig word, is 'n saak wat Rusland onrustig stem. Daarom is hy begerig om Kommunistiese magte binne die grense van Indië op te bou wat as die tyd ryp is hul werk moet doen. Intussen moet hulle die voorbereidingswerk doen om simpatie vir Rusland op te wek by die breë massas.

## REPUBLIEK MOET WAG

Met verwysing na die werk wat daar vir die regering wag, het mnr. J. G. Strydom, leier van die H.N.P. in Transvaal, verlede week op sy kongres verklaar: „Op staatkundige gebied lê ook werk voor. Die Nasionale Party wil uiteindelik van die land 'n republiek maak. Maar dit kan wag. Die eerste taak moet wees om te verseker dat Suid-Afrika 'n witmansland bly. Diegene wat nie hiermee help nie, is verraaiers."

## Soos Ons Lesers Dit Sien

## EWEWIG VERSTEUR

**Mnr. J. A. Landman, P.K. Pongola, skryf:**

Ek het u hoofartikel „Die Republiek" in Die O.B. van 3 November met belangstelling gelees. Ek sou baie gelukkig gevoel het as elke Suid-Afrikaner dit kon gelees het. Die uiteensetting is glashelder en baie Engelsprekendes in ons land sou volkome daarmee saamgestem het as hulle dit maar net te lees kon kry. Dit is padlangs en reguit soos die uitlander daaraan glo.

Die uiterste seksie in ons land sal nie juis notisie neem van die soek na stemme wat nou aan die gang is nie. Die wêreldgebeure is besig om ons republikeinse vryheid te bevorder en die volkswil sal binnekort nie meer in die pad van 'n republiek staan nie en dit is waarskynlik dat 'n Derde Wêreldoorlog dit kan verhaas.

Die ewewig van die wêreld is so verstoor dat geen staatmanswysheid dit kan herstel nie, want die natuur is bo geleerdheid. Geboorte en dood moet die ewewig op die wêreld bewaar. Wat moet van al die mense word want die geboortesyfer oortref die sterftesyfer baie ver. Dit word bereken dat daar elke maand 2,000,000 kinders gebore word. Wat gaan in Afrika gebeur as 'n oorlog nie een of ander tyd die ewewig herstel tussen blank en swart nie?

Die Here het die aarde so geskape dat die een plaag die ander uitroei, maar die mens het die ewewig kom verstoor en die ewewig is verlore. In Afrika het die naturelle-stamme altyd onder mekaar geveg en die aanwas beperk. Die blanke het tussenbei gekom en dit gekeer maar die blankes het onder mekaar bly veg terwyl die beskermde nie-blanke rasse in Afrika aangegroei het sodat dit die blankes elke jaar met miljoene oortref.

## Verjaardagviering Afgestel

In verband met die feit dat die verjaardag van die O.B.-leiers vanjaar nie by wyse van 'n groot vergadering te Paarl gevier is nie, skryf veldkte. E. M. Roux:

„Persone doen gedurig navraag in hierdie verband. Reeds in Junie vanjaar het ons probeer om die Stadsaal te bespreek vir die viering. Ek was toe nie in staat om dit te kry vir 'n Saterdagaand gedurende Oktober of November nie."

[Vroeër vanjaar het die Ossewabrandwag in die Paarl wel 'n groot dinee gehou ter viering van die tiende verjaardag van die O.B. Dr. Van Rensburg was by hierdie geleentheid aanwesig.—RED.]

## Stellenbosch

**Die uitslag van die tussenverkiesing in Stellenbosch verlede veek het andermaal die heilsame uitwerking van samewerking geopenbaar.** Daar was anvanklik vrees in regerings- en verwagtings in opposisiekringe dat die H.N.P.-meerderheid aansienlik sou daal. Die uitslag het laasgenoemde se meerderheid egter met 136 opgestoot. Hoewel nuwe registrasies ook hiermee te doen het, sal dit vir 'n groot deel ook toegeskryf moet word aan die beter gees van samewerking onder nasionaalgesindes. By die algemene verkiesing het daar nog heelwat verwarring op die stemdag geheers en 'n groot persentasie O.B.-lede het buite stemming gebly. 87½ Persent van die kiesers het hierdie keer gestem teenoor 84.4 persent op 26 Mei.

Die uitslag was:

| | |
|---|---|
| **J. A. Loubser (H.N.P.) ...** | **6254** |
| L. Hofmeyr (V.P.) ... ... | 4104 |
| Meerderheid ... ... ... | 2150 |

**Op 26 Mei was die getalle onderskeidelik 5,819 en 3,805, so dat die V.P. minderheid geen veld verloor het nie, maar inteendeel self 299 stemme bygekry het.**

# GROOT GEESDRIF IN NOORDWESTE

**Die O.B.-kommando's van Wilgenhoutsdrif (A17a3) het op 9 Oktober O.B.-dag gevier. Saam met die kollektelys is die mooi bedrag van meer as £25 ingesamel.**

Hfkomdt. J. Struwig van Groblershoop het 'n mooi uiteensetting gegee van die gebeurtenisse sedert die Ossewatrek in 1938 tot nou. Daar is verder jukskei gespeel, skyfgeskiet asook 'n netjiese vlaghysing wat waargeneem is deur wagkapt. J. Fourie en Brandwag J. Janse van Rensburg. Brandwag J. Bruwer het die diens waargeneem.

Daar is besluit dat waghoofkomdt. E. A. Nel die kommando's persoonlik sal deurgaan met 'n lys om die fondse te vermeerder. **Hy het meer as honderd myl afgelê en kon met blye hart getuig dat offisiere en Brandwagte mildelik bygedra het. Hiervoor word baie dankie gesê. Hoewel geld baie skaars is, het hy geen enkele persoon teengekom wat onwillig was om by te dra nie. Ook H.N.P.-vriend was gewillig om te gee. Hfkomdt. Nel het terselfdertyd ook aandag gegee aan die Boerejeug en van huis tot huis hieroor gesels en verskeie H.N.P.-vriende se kinders ingeskryf as Boerejeuglede.**

Hy verklaar dat dit 'n genot is om met die O.B.'s in aanraking te kom en te sien hoe vasberade hulle is en spreek sy dank uit vir die hartlike samewerking

Die funksie self het £13 6s. 6d. opgelewer.—(Korr.)

## V.S.A. Se Uraan Sal Uitgeput Raak

**Teen die tempo waarteen Amerika tans atoombomme vervaardig, kan sy uraan-voorrade binne 30 jaar uitgeput wees, het E. Ayers, 'n Amerikaanse wetenskaplike navorser in Chicago verklaar. Die gebruik van uraan vir atoombomme is 'n bedreiging vir die gebruik van atoomkrag in die nywerheid het hy gesê.**

**Die wetenskaplike meen dat die wêreldvoorraad van uraan tienmaal soveel is as waaroor die V.S.A. beskik.**

# Registrasie Van Rasse

**Die regering is van voorneme om 'n bevolkingsregistrasie in te stel soortgelyk aan die wat in die meeste lande van die wêreld in swang is, waarop die ras van elke persoon aangedui word. Besonderhede word tans uitgewerk sodat wetgewing in hierdie verband ingedien kan word.**

Hierdie kabinetsbesluit is deur die Eerste Minister verlede week aangekondig. Dit is duidelik dat die voorneme van die regering in verband staan met sy apartheidsbeleid omdat dit nie moontlik sal wees om blank en nie-blank van mekaar te skei tensy daar 'n wetlike bepaling is waarvolgens die rasse onderskei kan word nie. Die Eerste Minister het verklaar dat die lyn duidelik getrek moet word tussen blank, gekleurd en naturel. As iemand een-sesde nie-blanke bloed in hom het, d.w.s. as die grootoupa 'n nie-blanke was, sal hy beskou word as 'n nie-blanke.

Hierdie registrasie sal ook deel uitmaak van die planne om gemengde huwelike te verbied. Dit kan nie verhoed word voordat daar nie behoorlik bepaal is wie blank is, en wie nie.

Indien die regering hierdie plan wil uitvoer, sal so 'n registrasie nie veel moeite op die platteland veroorsaak nie. In die stede, en veral in die Boland, sal dit moeilik wees om te onderskei wie blank is omdat baie nie-blankes met voorbedagte rade hulle stadig maar seker in blanke gemeenskappe ingedring het en reeds in sommige kringe as blankes poseer.

U Linnepakkie is by
Steyns
Die Modewinkel
PAROW

KERSFEESKAARTE
*VYF Pragtige Gekleurde Natuurtonele*
(VAN KIEKIES AFGEDRUK)
met bypassende verse spesiaal verwerk deur
ONS VOLKSDIGTER — TOTIUS
en in sy eie handskrif afgedruk.
Hier is kaartjies wat u met trots aan enige volksgenoot kan stuur — iets Volkseie
5/- PER DOSYN (K.M.B.)
★
Ons het ook nog kaartjies met die O.B.-wapen, Wag- en Jeugkentekens teen 3/- per dosyn. Ook kaarte met gekleurde afdrukke van Suid-Afrikaanse wild (en klein O.B.-wapen) teen 3/6 per dosyn.
★
*Bestel dadelik by* DIE BOEREJEUG
POSBUS 1059 — PRETORIA

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## DOODBERIG

**KEMPER.**—Stil en sag het die Heer van ons weggeneem in die ouderdom van 77 jaar, ons geliefde eggenoot en vader, Louis Willem. Diep betreur deur eggenote en kinders. 24/11/1B

## PERSOONLIK

Bejaarde blanke man, sober pensioenaris wil graag 'n klein plekkie met twee vertrekke huur op 'n plaas of stil dorpie in enige deel van die Unie. Gewillig om verantwoordelikheid te dra in afwesigheid ven eienaar. Uitstekende getuigskrifte. Skryf aan Pensioenaris, Posbus 1411, Kaapstad. 17/11/2

## BOME, PLANTE EN SAAD

**Goewermentsgesertifiseerde Groentesaad:** Chantenay Wortels, 10/- Detroit Beet, 5/6. **Skorsies:** Klein Gem, 8/-; Lang Wit Bos, 8/6; Hubbard Groen, 8/6; Pastelpapoentjie, 8/-; Tom Watson en Wonder Waatlemoen, 12/-; Blaarslaai, 17/6; Marblobe Tamatiesaad, 35/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool, 16/-; Spitzkopkool, 8/- per pond. Posvry. K.M.B. — **PREMIERS, P.K. Schoemanshoek.**

## GEMENG

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS**

**ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Potgieterstraat 258, Pretoria. 3/12/TK

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

## MEDISYNE

GRYSHARE binne een maand tot natuurlike kleur herstel of geld terug, vry van kleurstof. Bevorder haregroei, verwyder skilfers. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. —**Die Boerevrou,** Posbus 7559, **Johannesburg.** 3/11/Nr. (3)

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

Vir die beste en duidelikste luidsprekerdienste op enige plek, asook vir versterkers, luidsprekers, mikrofone en parte — groot en kleinhandel — skryf aan: **P. D. SMUTS RADIO (EIENS.) BPK.,** Hoofstraat 287, Paarl. Foon 755. 15/9/48

## SKOENE

Vir die allerbeste mans- en kinderskoene en beter reparasies raadpleeg **Voortrekker-skoenhospitaal, Langstraat 293, Kaapstad.** Telefoon 3-0164. 13/10/12

## TE KOOP

**„ATLAS" - vragmotorbakke,** sleepwaens, druiwebakke, ens., gebou na u bestelling; asook die verpakking van meubels, oprigting van kantoorrakke en -afskortings; die bou van houthuise („bungalows"). In kort, enige soort houtwerk word onderneem en uitgevoer deur 'n deskundige vakman. — Raadpleeg **NICK NEETHLING, Lady Greystraat, Paarl. Foon 1253.**

**BOERBOELHONDJIES** so kwaai as nodig. Almal vaal met wit vlekke. Reuntjies £3 3s, tefies £2 2s of £4 10s die paar. V.o.s. Afrikaskop. J. B. Rabie, Kestell, O.V.S. 17/11/2B

**GEDROOGDE VRUGTE.** — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaald in Unie, in 5 en 10 pond-kissies. Appelringe 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8½; Rosyne, 3-Diamant, 10½d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**GESUIKERDE VRUGTE.** — Barrymerk gesuikerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pondkissie, posgeld betaald in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesuikerde en gedroogde vrugte ten behoewe van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**SOUT:** Brandwagte daar my man blind is en om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Ek laai bestellings dadelik as weersomstandighede dit toelaat. Kom aan Brandwagte sit skouer aan die wiel en help u mede-Afrikaner. A I 80/- sneeuwit, no. I 70/- wit, no. 2 60/- per ton. Sneeuwit botter sout 6/- per 100 pond. Vry gelaai. Soutwerke adres: Komdte. Mevr. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 17/11/x8.T.K.

**STEENMAAKMASJIENE.** — „Kleine Wonder" vir die maak van standaard grootte sementstene van 9 dm. x 4 5/16 dm. x 3 dm. teen £30, of £20 sonder voetstuk. Luukse modelle teen £5 ekstra. V.o.s. Hopefieldstasie. Handelsnavrae word verwelkom. Om besonderhede en illustrasies skryf aan: **Kleine Wonder Steenmasjiene (S.A.) Agentskappe,** Posbus 18, Hopefield, K.P. 18/8/T.K.

**10 MORG-PLOTTE** teen £10 deposito en £5 per maand. Na aan stad. Uitstekende grond en water volop. Navrae: **M. L. Slabbert,** Oud-gevangene, Foon 2-8849 en 3-3395, **Pretoria.** 24/11/3

**WINSKOPIE!!** 4-ton 1940 Dodgevragmotor, met Enjin 1948; 5-6 ton. Slegs 5,000 myl gedoen. Transportassuransie ingesluit. Rede van verkoop: wil nuwe vragmotor koop. Besigtiging word uitgenooi. Prys £110 kontant. Kopers telegrafeer of skryf dadelik aan **Mnr. J. Olivier,** Springstraat, Knysna, K.P. 24/11/1

**RADIOTRONICS**
**(A. Perold en P. Brink)**
Vir herstel en koop van
**ELEKTRIESE APPARAAT**
(Onderneem ook yskasherstelwerk, ankerontwikkeling en lê van kabels in huise en fabrieke)
**Hoofstraat BELLVILLE**
**Foon 97-9114.**

**PLUIMVEE**
**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**
**C. M. ELOFF EN KIE.**
**(Edms.) Bpk.**
**MOREMARK (Posbus 7185) Newtown**

A.V.B.O.B.
**Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars**
**Bloemfontein — Pretoria**
**154 Takke**

## *Die Week In Oënskou*

**DIE REGERING het besluit om vir Suid-Afrika 'n eie internasionale militêre kode in die lewe te roep, volgens 'n toespraak wat die Minister van Verdediging op Stellenbosch gehou het.**

* * *

**DIE WAARNEMENDE JOEGO-SLAWIESE** verteenwoordiger in Suid-Afrika het bedank omdat hy verskil van die politiek van sy regering. „Ek bedank vanweë die vyandige houding van die huidige regering van Joego-Slawië teenoor Rusland en die volksdemokrasieë van Oos-Europa," lui sy verklaring onder meer.

* * *

**'N VOORSTEL** dat daar 'n raad van Huweliksvoorligting gestig word om huweliksmoeilikhede en egskeidings te be-

(vervolg in volgende kolom)

**TWEEDE VOLKSRAAD —**

(vervolg van bls. 2, kol. 3)

van stemreg ooreenkomstig die naturelle-staatsidee is of nie — maar dit net terloops.

### VIR BEROEPE

'n Ander belangrike bestaansrede vir 'n moderne „Tweede Volksraad" in die plek van die nuttelose senaat is die vraagstuk van behoorlike nywerheidswetgewing (en dan ook nywerheidswetgewing in 'n wye sin, om vervoer, mynwese, arbeidskwessies ens. in te sluit.) Veral vandag is 'n sodanige liggaam baie gewens. **Suid-Afrika is 'n potensiële nywerheids reus en dit sal wyse oorleg kos om ons behoorlik te laat ontwikkel — veral noudat ou Europese state begin om ernstige mededinging te bied op ons eintlike afsetgebied van die toekoms — Sentraal-Afrika. Ons sal versigtig moet wees as ons nie tweede viool op hierdie vasteland wil speel nie.**

### HET DIT

Om 'n goeie moderne „Tweede Volksraad" daar te stel — wel die republikeinse grondwet wat deur ons voormanne in 1941 namens alle Afrikaners ontvang is, gee die antwoord:

„Die ‚Tweede Volksraad' (of Gemeenskapsraad) bestaan uit nie meer as 50 lede nie, met uitsluitlike adviserende magte en word saamgestel deur die Goewergeneraal-in-Rade (President-in-Rade). Vyftien word spesiaal aangestel vanweë hulle kennis en ervaring in verband met die behandeling van belangrike landsvraagstukke; en 35 word gekies deur organisasies wat bepaalde geestelike, ekonomiese, kulturele of maatskaplike groepe verteenwoordig en also deskundige advies kan gee vir die regering."

Natuurlik kan so 'n hervorming nie binne 'n dag se tyd geskied nie — maar ons het tog seker nou 'n regering met genoeg bekwaamheid om so 'n verandering te bewerkstellig. Dat hulle dit graag sal wil doen, kan ons seker aanneem — tensy hulle daarin 'n behae skep om heeltemal onnodig met 'n lasposenaat te sukkel.

Daar kan net bygevoeg word dat 'n mens in so 'n „Tweede Volksraad" soveel moontlik gebruik moet maak van huidige bekwame senatore. Vir die ander kan ander voorsiening gemaak word om hulle te vergoed vir verlies van senaatsetels — dit behoort in elk geval nie 'n beletsel te wees nie.

(vervolg van vorige kolom)

stry, is bespreek tydens die konferensie van die Nasionale Gesondheidsraad wat in Kaapstad plaasgevind het. Daar is besluit dat 'n konferensie belê word waarop hierdie vraagstuk bespreek sal word.

* * *

**DIE MINISTER VAN JUSTISIE,** mnr. C. R. Swart, het die H.N.P.-kongres in Transvaal beloof dat hy teen die Kommuniste sal optree. Die Kommuniste steek hulle kop orals uit, ook aan die universiteite, het hy gesê. Wat die stappe teen die Kommuniste inhou, was die Minister nie bereid om te openbaar nie.

* * *

**DIE LEDETAL** van die Transvaalse Ned. Herv. of Geref. Kerk het in die afgelope 25 jaar meer as verdubbel. In 1921 het die Kerk 142,000 siele getel, tans is dit 332,780. In die verslag wat aan die Sinode voorgelê is, word veral kommer uitgespreek oor die klein en kinderlose gesinne. **Slegs 13 persent (of 50,000) van die 332,000 siele is kinders jonger as vyf jaar. Daar is 68,000 kinders tussen ses en sestien jaar.**

# *10 JAAR O.B. IN BEELD*

**Die stryd van tien jaar Ossewabrandwag word op treffende wyse weerspieël en verbeeld in die eerste Uniale Jaarboek van die Ossewabrandwag wat nou deur Brandwagte oor die lengte en breedte van die land bestel word. Met 'n buiteband wat in vier verskillende kleure gedruk is, tesame met die redaksionele versorging en inhoud, is hierdie Jaarboek 'n baken op die tienjarige strydpad van die Ossewabrandwag.**

Soos die redaksie in die voorwoord verklaar, wil hierdie jaarblad daartoe bydra om die O.B.-kragte oor die hele Unie te inspireer tot verdere saamspan sodat dit gaandeweg die hele beweging se lewe en doeleindes sal weerspieël. Daar bestaan geen twyfel dat die redaksie onder leiding van die hoofredakteur, genl. prof. dr. H. M. van der Westhuisen, in medewerking met genl. P. W. Byus, en andere, ten volle hierin geslaag het nie.

Die jaarblad beslaan 96 bladsye waarvan 28 net vir foto's afgestaan is. Met hierdie fotoalbum kry die leser 'n blik op die bedrywighede van die Ossewabrandwag. Dit dek nie alleen optogte vanaf 1941 nie maar verskeie bladsye word gewy aan laertrekke, vergaderings en groot volksfeeste, waaronder die Amajuba-feeste, 'n prominente plek inneem. Veral kry die leser 'n indruk van wat daar werklik in Boerejeuglaertrekke en Opleidingslaertrekke plaasvind. Vir die buitestaander, wat getrou voorsien word met negatiewe dinge oor die Ossewabrandwag, sal die inhoud van hierdie jaarblad in meer as een opsig 'n openbaring wees.

In 'n artikel, „10 jaar Ossewabrandwag" behandel die Kommandant-generaal die stryd van die O.B. — die laagtepunte, die hoogtepunte en die gevaarpunte met verwysing na hierdie stryd verklaar die K.G. onder meer: „Die Ossewabrandwag het gekom dat die Afrikanerdom nie in sy siel moet skade ly nie. In daardie lig, in die stryd om die siel van 'n volk wat bereid is om die daad voor die woord te stel, in daardie lig, geagte Kamerade, het die Ossewabrandwag die stryd van die afgelope tien jaar gewen."

Benewens twee skrifoordenkings uit die pen van ds. K. S. van Wyk de Vries en ds. P. J. Coetzee word daar ook ruimte afgestaan vir boodskappe van die verskillende Gebiedsleiers en artikels oor die taak van die Ossewabrandwag. Ook die O.B.-vrou en die Boerejeug het nie vergeet gebly nie. Die artikel van H. S. van Blerk, een van die ter dood veroordeelde politieke gevangenes, sal veral groot byval vind. Dit gee 'n treffende insae in die kameraadskap van die Stormjaers.

Die Jaarboek is nou verkrygbaar by die Sentrale Hoofkwartier, Posbus 1059, Pretoria, en kos slegs 2s. 6d. Dit is 'n publikasie wat elke O.B.-lid moet besit.

C. G.

Die twee regeringspartye het die V.P. verlede week in die tussenverkiesing op Stellenbosch verslaan deur hul meerderheid van 26 Mei met nog 136 stemme aan te vul. Mnr. J. A. Loubser (H.N.P.) het 6,254 stemme behaal en die V.P.-kandidaat, mnr. L. Hofmeyr 4,104. Dit gee die regering 'n meerderheid van 2,150 stemme in vergelyking met 26 Mei se 2,014 meerderheid. Die Verenigde Party het altesaam 299 stemme meer gekry as verlede keer terwyl die regering 435 stemme meer behaal het.

## H.N.P.-KONGRES OOR O.B.-LIDMAATSKAP

**Op die H.N.P.-kongres in Transvaal was daar een beskrywingspunt wat betrekking gehad het op die O.B. Dit het gevra dat die verbod op die O.B. om lede van die party te word, opgehef moet word. Hierdie beskrywingspunt is in komitee bespreek maar die saak is na die hoofleier en die provinsiale leiers van die party verwys.**

## Boulenings Van 90 Pst

Enige lid van die publiek kan tans by die Nasionale Behuisingskommissie aanklop vir 90 persent-boulenings en nie slegs oud-soldate nie. Hierdie besluit is op die jongste vergadering van die Kommissie geneem. Die maksimum bedrag wat aangevra kan word, beloop £2,800 teen 'n rentekoers van 3½ persent per jaar vir 'n tydperk van 30 jaar. Dit beteken dat indien 'n persoon aansoek doen om 'n maksimum-lening, hyself ten minste £280 sal moet stort. Die maandelikse terugbetalings sal dus ongeveer £12 per maand vir 'n maksimumlening beloop.

**UITVINDINGS** — (vervolg van bladsy 7, kolom 4)

**vir mense en plantelewe. Hierdie eienskappe sal nog aan deurtastende toetse onderwerp word.**

### NA BUITELAND

Bostaande is 'n kort oorsig van die jongste uitvindings wat openbaar gemaak is. Watter plek dit uiteindelik sal inneem kan nog nie gesê word nie. Daar is egter 'n paar Suid-Afrikaanse uitvindings wat reeds die aandag van die buiteland getrek het. So is kort gelede berig dat buitelandse maatskappye die kontrole-apparaat van oom Tienie van Schoor, waarvoor hy 'n bedrag van £5,000 van die S.A. Spoorweë ontvang het, ook wil invoer. Afgesien van besparing maak dit tremdienste baie veiliger.

Daar is ook die twee uitvinders P. Torr en E. Gericke wat 'n elektriese metode gevind het om rubber te laat stol, wat veel goedkoper is as die bestaande suurmetode. **Dit word reeds in die Belgiese Kongo gebruik en is deur Amerikaanse rubbermaatskappye gunstig ontvang.**

Ongelukkig word in ons land nog baie weinig gedoen om uitvinders aan te moedig. Daar is geen mobilisering van talent soos in ander lande die geval is met beskikbaarstelling van alle moontlike geriewe nie. Dit is beslis iets waaraan die staat aandag sal moet skenk.

## Beheer Oor Onwettige Immigrante

Die regering het besluit om aan alle blankes wat die Unie onwettig ingekom het, tydelike permitte vir verblyf te gee mits hulle hulself voor die einde van die jaar aanmeld. Hul aansoeke om permanente verblyf sal daarna oorweeg word, het die Minister van Binnelandse Sake aangekondig.

# Ryke Oes Van Afrikaanse Uitvindings

## Omwenteling Verwag Van Sommiges

**Dit is 'n bekende feit dat die Suid-Afrikaner besonder vindingryk is, en veral geld dit die Afrikaner, wat in die verlede met die skamele middels tot sy beskikking dikwels verrassende vernuf aan die dag gelê het. Trouens, dit word beweer dat die Suid-Afrikaners met verhouding tot hul getalle die meeste patente registreer. In die afgelope jaar is dan ook 'n hele aantal uitvindings deur boereseuns gepatenteer wat in die toekoms nog van groot nut mag blyk.**

**Een van die nuutstes is die uitvinding van 'n Vrystaatse ingenieur — ook 'n boereseun — wat 'n totaal nuwe beginsel vir windpomp-aksie invoer. Sy naam sal wel binnekort in die nuus wees sodra die finale toetse waaraan sy apparaat tans onderwerp word, geslaag het. 'n Bekende Afrikaanse firma het die patent gekoop en is voornemens om 'n fabriek op te rig. Na verneem word sal dit die bestaande windpomp heeltemal laat verouder. „Dit het al die eienskappe van 'n groot uitvinding, naamlik eenvoud," het 'n deskundige daarvan gesê.**

Onder die uitvindings wat die afgelope tyd die aandag van boere getrek het, is dié van 'n dors-oesmasjien vir mielies wat deur mnr. P. I. Krog van Clocolan ontwerp is. Vir boere wat gedurende oestyd sonder handearbeid is, sal hierdie masjien sodra dit vervaardig word, 'n groot uitkoms wees. Die uitvinder is oortuig dat die masjien volkome aan sy doel beantwoord. Mnr. Krog het reeds twee vorige masjiene gemaak, maar hulle het nog aan gebreke gely wat die oorsaak was dat hulle gemors het. Hierdie moeilikhede is nou oorbrug. Die toestel is besonder eenvoudig.

### GRONDBONE

'n Soortgelyke masjien wat grondboontjies uitdop en dit baie vinniger doen as sy ingevoerde mededinger en slegs 2½ persent van die grondboontjies stukkend maak, is ontwerp deur mnre. Danie Blignaut en Stephen du Rand van Heilbron. Grondboontjiekwekers het reeds bestellings vir hierdie nuwe masjien geplaas en 'n fabriek word opgerig.

Dieselfde twee persone is ook verantwoordelik vir 'n steenmaakmasjien wat agt stene tegelyk pers. Met een handlanger kan verbasend baie stene per dag gemaak word.

### ENIGSTE

'n Sonneblom-stroper wat vir sover bekend die enigste van sy soort is wat nog ooit gebou is, is deur 'n Ventersdorpse boer, mnr. John Grey, in samewerking met twee ander boere ontwerp, en die afgelope seisoen met welslae gebruik om die sonneblom oes in te samel. **Die masjien bestaan uit 'n spesiale patent aan 'n gewone koringstroper waarmee die blomme geoes en gedors word. Die saad word in sakke gegooi en op elke draai outomaties afgelaai.**

Die uitvinders probeer tans ook om 'n patent te ontwerp wat toegepas kan word met die oes van koring en mielies. Die stroper is op die oomblik in taat om 150 tot 200 sakke sonneblomsaad per dag te oes en te dors. Dit kan sonneblomme oes wat twee voet hoog staan tot dié van 'n hoogte van agt voet. Dit doen die werk van 30 man.

### KLIPMEULE

Onlangs het twee Pretorianers aangekondig dat hulle 'n nuwe meul ontwerp en gepatenteer het vir die verpoeiering van mineraalerts. Die vereenvoudigde silindermeul is veral geskik vir die maal van erts op klein skaal en is maklik hanteerbaar. Die uitvinders is mnre. J. H. Nel en C. L. Jooste. Die meul kan, na verklaar word, 'n ton baie harde of drie ton sagter erts per uur verpoeier.

### HOEKMETER

**'n Jong Afrikaner wat reeds naam gemaak het met sy uitvindsels en as gevolg daarvan 'n aansienlike bedrag verdien het, is mnr. Carel van Wyk van Kimberley. Onlangs is aangekondig dat hy 'n aanbod van £10,000 van 'n Johannesburgse ingenieursfirma ontvang het vir 'n rewolusionêre instrument om enige hoek maklik en sekuur te meet.** Die instrument is in Pretoria gepatenteer as die „Engela drum level" en sal ook kragtens die internasionale konvensie in die meeste lande van die wêreld gepatenteer word.

Die instrument skakel die gebruik van klinometers en ander omslagtige metodes van opmeting uit. Dit kan ook onderstebo gebruik word en is van groot praktiese waarde. Die drom wat die lesing aangee, rus op buste van rivierbantamklippies wat baie na diamante lyk en so hard is dat dit ook glas kan sny. In die boubedryf sal die instrument van groot hulp wees.

Mnr. Van Wyk doen sy navorsing in medewerking met mej. Engela van Heerden. Hulle is ook tans besig met die ontwikkeling van 'n elektriese verwarmingstoestel wat sonder 'n element of drade werk. Hulle het 'n metaal ontdek wat selfs by die hoogste verhitting nie verweer nie. Mnr. Van Wyk is ook besig met 'n rewolusionêre toestel vir X-strale.

### OUDGEÏNTERNEERDE

'n Oud-geïnterneerde, mnr. Coert Rademeyer van Johannesburg, het hom onlangs onderskei deur 'n ingewikkelde chemiese reaksie wat voorheen agt dae lank geduur het met behulp van sy uitvinding tot vyf uur te verkort. Sy uitvinding staan in verband met die vervaardiging van koperoxichloried, 'n insektedokter wat tot dusver nog net deur een produsent in die Unie vervaardig word. Hy maak daarop aanspraak dat sy metode die enigste in die wêreld is — hy het self die laboratium en apparte gebou.

**Mnr. Rademeyer het meer as 'n jaar lank proefnemeings gedoen. Dele van sy apparaat om die hoogfrekwens te ontwikkel is gedurende die oorlog deur die Smuts-regering in beslag geneem omdat hy sou getrag het om daarmee met die vyand in verbinding te tree.**

### D.D.T. SE MOSES

Nog 'n Afrikaner wat hom onderskei het op die skeikundige gebied, is mnr. J. P. Verster, deeltydse skeikundige van 'n lekkergoedfabriek aan die Rand. **Sy uitvinding word deur 'n vooraanstaande insektekundige van die S.A. Mediese Navorsingsinstituut beskryf as „doeltreffender as D.D.T. as dit onder dieselfde omstandighede getoets word."**

Hierdie kontakdoder, deur die uitvinder „siklaan X-een" genoem, is reeds aan kontroleproewe onderwerp. D.D.T., tot dusver die insektedoder nommer een, is as kontrole gebruik, terwyl die proefkonyne weeluise was.

Uitgebreide proewe van die uitvinder toon dat blootstelling van 30 tot 40 sekondes aan 'n oppervlakte wat met 'n verdunning van een persent van X-een behandel is, noodlottige gevolge het vir 'n groot aantal insekte waaronder kakkerlakke, vlieë, motte, bosluise, spinnekoppe, weeluise, ens. **Weeluise keer agt maande lank nie terug na 'n muur wat met hierdie gif behandel is nie. Dit stel ander insektedoders in die skadu deurdat dit in staat is om eiers en papies ook dood te maak en blyk ook onskadelik te wees**

(vervolg op bladsy 6, kolom 4)

## Kerskaarte In Totius Se Handskrif

**Die Kerskaartjies wat die Boerejeug vanjaar aanbied kan sonder voorbehoud beskryf word as een van die beste stelle wat nog in ons land uitgegee is.** Dit is so mooi dat elke persoon 'n ekstra stel sal wil koop om vir homself te hou. Afgesien van die kleurryke ontwerpe op die buiteblad, lê die eintlike waarde daarvan in die berymde Skrifgedeeltes uit die Nuwe Testament deur ons volksdigter **Totius in sy eie handskrif.** Om hierdie rede sal hierdie kaarte 'n historiese waarde hê en nooit oud word nie. As voorbeeld gee ons die inhoud weer van een van die vyf kaarte:

En toe klink 'n lofsang daar
van 'n ganse Engelskaar:
„Eer aan God, die hoogste
Heer
Vrede op aarde, vrede weer!
Welbehae eind'loos groot
In die mens, Gods gunsgenoot."

TOTIUS

Bestellings kan geplaas word van die Boerejeug, Posbus 1059, Pretoria. Die prys is 5/- per dosyn.

***Adverteerders hou daarvan dat u melding moet maak van hul advertensie in „Die O.B."***

# OUDSOLDATE SKEUR OOR ‚LEGION' SE POLITIEKERY

**Die politieke optrede van die linksgesinde „Springbok Legion" wat homself 'n oud-soldate organisasie noem maar nie as sodanig deur die regering erken word nie, het tot gevolg dat die dreigende breuk tussen hulle en die B.E.S.L., nou op 'n skeuring uitgeloop het.**

Die geskil tussen die twee organisasies het ontstaan na aanleiding van die inmenging van die „Legion" in die partypolitiek. Die B.E.S.L., wat nog altyd daarin geslaag het om bo die partypolitiek te beweeg, het aangekondig dat hy hom aan die gesamentlike komitee van die twee liggame onttrek het. Die komitee is gevolglik ontbind.




DIS byna drie-uur in die môre en dit reën dat dit giet. 'n Sein langs die lyn deurdring die nagtelike duister en die Patrolman weet dat die nagtrein oor 'n paar minute verby sal gaan.

Dis aan hom opgedra om dié baanvak veilig en skoon te hou. Hy weet ewenwel dat as die nagtrein verbysnel en hy met 'n flits van sy lamp goeienagsê, daar net in antwoord daarop 'n vriendelike teengroet van die kant van die treinpersoneel sal volg. Hulle sal weet dat alles in die haak is.

Die passasiers slaap gerus. Geeneen van hulle weet selfs dat daar so 'n Patrolman bestaan nie, en slegs weinige is bewus dat daar nog baie soos hy is wat dag en nag 'n wakende oog op die lyn hou . . . wat werk terwyl ons slaap . . . en wat voortdurend besig is om die uitrusting langs die 14,000 myl van ons Spoorweë sorgvuldig na te gaan en te toets, sodat reise per spoor deur die lengte en breedte van die land op die veiligste en gerieflikste wyse, en dit met die grootste betroubaarheid, afgelê kan word.

S·A·S

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË

# HULPBEHOEWENDES STRY NOG

Die ekonomiese herstel van Wes-Europa, soos saamgevat in die Marshall-plan, is opnuut vertraag deurdat die 19 lande wat hierby sal baat, nie tot eenstemmigheid oor die saak kan kom nie, volgens 'n berig wat aan die begin van die week uit Londen ontvang is. Die finale vierjaar-program moes reeds verlede week aan die Amerikaans-Europese Administrasie voorgelê gewees het. As gevolg van die onvermoë om saam te stem, sal die plan waarskynlik eers teen die middel van Desember aan Amerika voorgelê word. Hierdie herhaalde uitstelling mag die oorsaak wees dat die Amerikaanse kongres nie gou genoeg geld vir 'n verdere jaar sal kan stem nie — iets waarop die Kommuniste hoop. Op die oomblik is dit Brittanje wat die vlieg in die salf is en wie se program van herstel nie inpas by dié van ander lande nie. Ons foto toon Ernest Bevin (Brittanje) en Lewis Douglas (V.S.A.-verteenwoordiger) besig om die ooreenkoms in verband met Marshall-hulp in Londen te onderteken. Heel links sit sir Stafford Cripps, Britse minister van Finansies. Die Amerikaanse voorwaarde is dat die lande bereidwilligheid moet toon om hulself onderling te help.



**DUUR HUISE** — (vervolg van bls. 1, kolom 4)

Menige jong paar wat genoeg ondernemingsgees aan die dag gelê het om hulle te waag aan 'n lening, moes tot die gevolgtrekking kom dat diegene wat verkies om in 'n woonstel of losieshuis te sit en geen kinders hê nie, veel verstandiger as hulle was. **Tensy daar drastiese verandering kom hetsy in die vorm van staatshulp aan jong ondernemende persone wat 'n huisgesin wil begin, of afdwinging van die boukoste sal ons volk se natuurlike aanwas 'n knak kry wat baie ernstige gevolge kan meebring.**

# SOWJET FINANSIER STAKINGS

**Hoe planmatig en ondergronds Rusland stakings in die buitewêreld loods en die stakers van geld voorsien, het die afgelope week weer duidelik geblyk tydens besprekings in die Franse parlement na aanleiding van die onlangse stakings. Daar is aan die lig gebring, dat 'n Franse bank wat deur twee Russiese banke besit word, geld van Rusland na Belgiese en Franse Kommuniste oordra om hul ondergrawing voort te sit.**

Die onthulling is gedoen deur Moch, die Franse minister van binnelandse sake. Die meeste Kommunistiese organisasies en koerante het rekenings by hierdie bank. Die voorsitter is 'n genaturaliseerde Rus. Moch het gesê dat die Franse Kommunistiese koerante 30 miljoen frank aan die bank skuld. Die Kommunistiese party en organisasies het twee rekenings by die bank — een op die naam van Oswald en die ander op die naam van Gosnar. Hierdie rekenings is reeds met 68 miljoen frank oortrek. Hy het gesê dat die regering oor inligting beskik dat die geld uit Oos-Europa oorgeplaas word.

Die Kominform het onlangs goud ter waarde van 1,000 miljoen frank na Frankryk gebring. Persone wat by die verspreiding van die geld betrokke is, is reeds in hegtenis geneem.

Dit sal interessant wees om te weet langs watter weë die Kommuniste in Suid-Afrika hul geld kry.

# SAMEWERKING BRING VIR IERE VOLKOME VRYHEID

**Die Ierse eerste minister, Costello, wat voorheen 'n teenstander was van De Valera se republikeinse beleid, het die afgelope week self 'n wetsontwerp ingedien wat bedoel is om die laaste konstitusionele band met Brittanje te verbreek. Die eerste lesing is sonder teenstemme binne enkele sekondes goedgekeur, en die tweede lesing sal vandag plaasvind.**

**Die wetsontwerp maak voorsiening vir die herroeping van die External Relations Act van 1936 waarkragtens Ierland se buitelandse aanstellings deur middel van die Britse koning moet geskied. Hierdie bevoegdheid sal nou deur die Ierse president self behartig word.**

Dit is nie duidelik wat Costello daartoe beweeg het om van sienswyse oor die saak te verander nie, maar oor die algemeen word dit toegeskryf aan die teenwoordigheid van Sean MacBride, leier van die Nuwe Republikeinse Party, in die koalisie-regering en wel as minister van buitelandse sake. Sy vader was 'n martelaar van Britse imperialisme, en hy self 'n vurige republikein. Na afloop van die verkiesing aan die begin van die jaar het hy met sy tien verteenwoordigers uit 'n raad van 140 deelgeneem aan die koalisie van opposisiepartye waarin Costello se Fine Gael die sterkste was.

### SAMEWERKING

**Dat laasgenoemde party binne 'n jaar die beleid uitvoer van die party wat net tien lede in die parlement het, spreek nie**

## INVLOED VAN TIEN MAN

**net van die krag van die republikeinse ideaal in Ierland nie, maar ook van die gemak waarmee so 'n ideaal selfs deur vorige teenstanders aanvaar en verwesenlik word wanneer eers 'n gees van samewerking verkry is. Die huidige opposisieparty — dié van Devalera — is self republikeins, maar kon weens die teenstand van Costello as „amptelike opposisie" in die verlede nooit self sy ideale verwesenlik nie. Samewerking met 'n kleine tiental republikeine het dinge moontlik gemaak wat kunsmatige partytwis in die verlede onuitvoerbaar gemaak het.**

**MENSEREGTE VERTRAP** — (vervolg van bls. 1, kolom 5)

kou nie. Na 'n paar maande is die denazifikasie aan die Duitsers self oorgelaat volgens model opgestel deur ene Heinrich Schmitt, 'n uitgetrapte kommunistiese Quisling wat in diens van die Amerikaanse besettingsowerheid gestaan het as denazifikasie minister van Beiere.

Die skrywer voeg daaraan toe dat aangesien Rusland die Potsdamse verklaring mede-onderteken het, Kommuniste as demokrate aanvaar moes word.

### VYF GROEPE

Die vervolgdes is in vyf groepe verdeel: (1) Ernstige oortreders, (2) oortreders wat rof weg beskryf is as Nazi-aktiwiste, militariste en geldmakers, (3) mindere oortreders, (4) volgelinge, wat die gewone partylede omvat, en (5) mense wat van blaam onthef word nadat 'n hof hulle onskuldig bevind het.

Strawwe vir die eerste groep wissel van dood of lewenslange opsluiting tot vyf of meer jare tronkstraf met of sonder hardepad. Diegene in die tweede groep kan vir tien jaar opgesluit word, terwyl persone in die laer groepe onderhewig is aan 'n verskeidenheid van „sanksies" waaronder verlies van burgerskap en stemreg, uitsluiting van openbare dienste, verlies van persoonlike regte soos die voorreg om 'n motor te besit, terugskuiwing in betrekkings met meegaande geldelike verlies, ontslag, verbeurdverklaring van eiendom en toelating slegs tot ongeskoolde arbeid.

### VRY . . . MAAR SLAWE

Later het die Amerikaanse owerheid alle jongmanne in sy gebied onder 27 jaar vrygestel van die denazifikasie-wet omdat hulle dan te jonk was om te besef wat hulle gedoen het.

**„Ongelukkig was die meeste wat hieronder geval het in Frankryk, Brittanje, België, Holland, Rusland of elders besig om vir onbepaalde tyd dwangarbeid te verrig in die vorm van veroordeeldes."**

Die skrywer toon aan dat die uitspraak van Neurenberg wat self „'n verkragting van die tradisionele regsopvatting is", eintlik nog minder streng was as die denazifikasie-maatreëls.

### OPPERSTES VRYGESPREEK

„Van die 22 opperste Nazi's het die Geallieerde hof, wat geensins van geregtelike onpartydigheid of toegewendheid beskuldig kan word nie, en wat die sake in verband met vier allesomvattende aanklagte behandel het, die doodstraf slegs oor 12 uitgespreek, lewenslange opsluiting opgelê op drie, tronkstraf wat strek van tien tot twintig jaar op vier, terwyl drie vrygespreek is. **Indien drie van die opperste Nazi's vry van alle skuld was, en vier ander slegs gedeeltelik skuldig, kan die breë party-aanhang hoegenaamd nie ernstig skuldig wees nie. Dit beteken dat die denazifikasie-dekrete wat alle Nazi's sonder verhoor veroordeel, uitermate onregverdig is."**

**Die skrywer toon ten slotte aan hoedat hierdie „likwideringsbeleid" pragtig in die hande van Rusland speel deur dat die gehate „bourgeoisie" nou deur die Westerse moondhede self uitgewis word en daardeur die pad voorberei word vir die kommunistiese proletariaat om die mag oor te neem. Daarby het die Geallieerdes self 'n groot aantal kommuniste in sleutelposisies geplaas wat voorheen deur Nazi's beset was.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerk-gebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.





BESTEL NOU DIE

PHILIPS

SUPER -PLUS

£25/5/- KONTANT

VAN 10-7 METER



SUPER BAND-WYSTERPLAAT
SUPER OPVANGS VAN 10.7 TOT 500 METER
SUPER B-A-N-D-V-E-R-S-P-R-E-I-D-I-N-G
SUPER LUIDSPREKER
SUPER LUUKSE-KABINET

Voorwaardes: Deposito van £3/6/- en 24 paaiemente van £1/1/-.

PHILIPS-SUPER-PLUS-TAFELRADIO'S, 6 VOLT, IS OOK VERKRYGBAAR. PRESIES SOOS HIERBO AFGEBEELD.

Ons het ook 'n groot verskeidenheid van PHILIPS-RADIO'S van W/S. en 6-Volt-Batterye. TAFELRADIO'S, GRAMRADIO'S Ens. VERKRYGBAAR.

Phil Morkel

6 TAKKE

POSBESTELLINGSAFDELING:

POSBUS 2721 KAAPSTAD